KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 17: 1-12
**Tema :** Bewaar hulle….! En vir ons ons? Van wat ?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Youth is happy because it has the capacity to see beauty. Anyone who keeps the ability to see beauty never grows old."
— Franz Kafka

"It's a gift to joyfully recognize and accept our own smallness and ordinariness. Then you are free with nothing to live up to, nothing to prove, and nothing to protect. Such freedom is my best description of Christian maturity, because once you know that your "I" is great and one with God, you can ironically be quite content with a small and ordinary "I." No grandstanding is necessary. Any question of your own importance or dignity has already been resolved once and for all and forever."
— Richard Rohr

"If the highest aim of a captain were to preserve his ship, he would keep it in port forever."
— Thomas Aquinas

"As the poets and painters of centuries have tried to tell us, art is not about the expression of talent or the making of pretty things. It is about the preservation and containment of soul. It is about arresting life and making it available for contemplation. Art captures the eternal in the everyday, and it is the eternal that feeds soul—the whole world in a grain of sand. Leonardo"
— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"If I am capable of grasping God objectively, I do not believe, but precisely because I cannot do this I must believe. If I wish to preserve myself in faith I must constantly be intent upon holding fast the objective uncertainty so as to remain out upon the deep, over seventy thousand fathoms of water, still preserving my faith."
— Søren Kierkegaard

*Charismatic*

*MOST OF THE TIME when we say people are charismatic, we mean simply that they have presence. Bill Cosby, Charles Manson, the Princess of Wales, Dr. Ruth Westheimer all have it in varying degrees and forms. So did Benito Mussolini and Mae West. You don't have to be famous to have it either. You come across it in children and nobodies. Even if you don't see such people enter a room, you can feel them enter. They shimmer the air like a hot asphalt road. Without so much as raising a finger, they make you sit up and take notice.*

*On the other hand, if you took Mother Teresa, or Francis of Assisi, or Mahatma Gandhi, or the man who risked his neck smuggling Jews out of Nazi Germany, and dressed them up to look like everybody else, nobody would probably notice them any more than they would the woman who can make your day just by dropping by to borrow your steam iron, or the high school commencement speaker who without any eloquence or special intelligence can bring tears to your eyes, or the people who can quiet an hysterical child or stop somebody's cracking headache just by touching them with their hands. These are the true charismatics, from the Greek word charis meaning 'grace'. According to Saint Paul, out of sheer graciousness God gives certain men and women extraordinary gifts or charismata such as the ability to heal, to teach, to perform acts of mercy, to work miracles.*

*These people are not apt to have presence, and you don't feel any special vibrations when they enter a room. But they are all in their own ways miracle-workers, and even if you don't believe in the God who made them that way, you believe in them.*
*-Frederick Buechner-*

"People often silence themselves, or "agree to disagree" without fully exploring the actual nature of the disagreement, for the sake of protecting a relationship and maintaining connection. But when we avoid certain conversations, and never fully learn how the other person feels about all of the issues, we sometimes end up making assumptions that not only perpetuate but deepen misunderstandings, and that can generate resentment."
— Brené Brown, Braving the Wilderness: The Quest for True Belonging and the Courage to Stand Alone

**Dana Snyman: Herfs is ’n tyd vir verveer en vir ontferming**

En toe is dit herfs. Oral word die jaar ryp in Van Wyk Louw se bome se blare.

Ek is op ’n reis deur die binneland, van kerk na kerk na kerk. Machadodorp. Modimolle. Mokgoophong waar my hartjie eens Liewe Jesus-rein was. Pretoria. Ventersdorp.

In Bloemfontein sit ek in ’n klein Ortodokse kapel, kerse wat brand, en inkanteer saam met die mense rondom my op die lae bankies: “Jesus, ontferm U oor my, ontferm U oor my, ontferm U oor my . . .” ’n Ikoon van die Bybelse Thomas voor die altaar – die ongelowige Thomas. My broer, my broer.
Ek neem daardie woord met my saam dieper die binneland in: ontferm.

Oral, in dorpe en stede, Afrika en Europa wat mekaar ontmoet, op maniere wat jou van jou waan stroop. Iewers langs die pad begin ek vere optel. Op sypaadjies, by kerke en huise, voor Chinese winkels en ontruimde poskantore.

“Hoop is die ding met vere,” skryf Emily Dickinson.
Die land is op soveel maniere gebreek en soveel mense daarmee saam, maar oral lê ’n veer wat deur ’n duif of tarentaal agtergelaat is. ’n Veer wat ’n bygelowige Thomas soos ek optel en hom verbeel dit kom van ’n engel af. Ontferm U oor ons.

In die kafee op Hanover beduie die vrou agter die toonbank na my skoene en sê: “Jou skoenveter is los, meneer. Maak dit vas. Jy gaan val.” Ontferm sy haar oor my.

Stadig daal ek in die Hex¬riviervallei af en ry deur wingerd wat verbruin.

Dit is al donker toe ek op Stellenbosch kom. My geboortedorp. Die sypaadjies vol buitelanders met woorde op hul lippe wat vaagweg bekend klink. My oerouma was een van die Franse Hugenote. R80 vir ’n dubbele whiskey en water, bedien deur ’n jong man met ’n duimring.

Ek oornag in ’n hotel en die oggend toe ek die kamer se gordyn ooptrek, toe is Van Wyk Louw weer daar: “. . . witter lug wat daglank van die nuwe wind en klare son deurspoel word . . .” My hare ’n yl, rookvaal bos in die badkamerspieël.

Dit is seker wat gebeur as jy deur die binneland reis of 60 jaar oud is: Herfs word die seisoen wat jy die diepste aanvoel. Jy word ’n voël wat wil verveer.

Ek kyk na die pronkerige man in die Porsche met die afslaankap in Birdstraat en dink: Waarom dít? Ek loer by die Decameron-restaurant in en wens Markus Jooste sit by sy gereelde tafel en ek het genoeg moed om vir hom te gaan sê: Pleit skuldig, Markus. Skud die blare van jou af. Geen advokaat of prokureur kan die herfs terughou nie.

Op die Moederkerk in Drostdyweg se kanselkleed staan: “ ’n Rivier van Lewende Water.”
Ek stap in Die Laan op, al langs die Eersterivier, goudbruin blare knars onder my voete, my skoenveters nou vasgemaak, my teerder jeug vir altyd agter my. Voor my die Bolandse berge wat ek weer moet oor, terug huis toe.

Eers ná die winter sal dit weer lente wees.

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Christina Landman: Is jy te skaam om te erken jy is eensaam?**

Antie Drienie sê ’n vlieg “moet nie sommer in die wit melk induik nie”. Sy praat oor eensame mans wat meisies vry wanneer hulle ’n kans kry. Ek het vir antie Drienie en haar dogter vertel dat eensaamheid nou in Amerika tot ’n epidemie verklaar is. Antie Drienie se dogter is ongetroud en iets in die 30’s. Ek vra haar of sy eensame mense ken.

Nee, sê sy.

Hoe so, vra ek. Is niemand hier eensaam nie?
Hulle is te trots, sê sy, hulle sal nie sê nie.
Ek het dit lankal vermoed. Dat mense dink eensaamheid is ’n skande. En dat daar iets fout is met jou as jy jouself op ’n eensame plek kry.

Kyk nou maar as ons oor MIV praat. Daar is soveel geweldige teorieë oor hoekom mense MIV opdoen. Maar niemand wil sê baie mense kry dit van eensaamheid nie. Eensaamheid oortuig jou om onversigtig te slaap.

Die kerk weet nie wat om met hierdie epidemie te doen nie. En as die kerk ’n groep vir enkellopendes stig, dan is mense bang ander mense sal dink hulle is needy as hulle soontoe gaan. Dan kom daar niemand nie.

’n Mens kan siek word van eensaamheid. Nou die dag roep hulle my na ’n plek waar hulle kamers uithuur. ’n Man het van sy bed afgeval. ’n Skoonmaker kry hom daar. Sy dog eers hy is gedrink. Maar die man kan nie

praat nie. Sy gesig is verlam. Hulle vat hom hospitaal toe. Maar sonder ’n mediese fonds stuur hulle hom terug met watter pille die hospitaal nog het. Hy het sy werk verloor. Toe skop sy vrou hom uit met wrede woorde. Daar in die huurkamer trek die eensaamheid by hom in. Hy praat deurmekaar met sy verlamde mond. Dis nie ’n beroerte nie. Sy gesig, sy lyf gaan staan van eensaamheid.

’n Vrou kom gereeld kerk toe en neem aan alles deel. En tog kry jy die indruk op haar sosiale media dat sy nie meer wil leef nie. Te veel verwerping. En hoe gaan die kerk haar nou stop van die dood en weer lus maak vir die lewe?

Miskien het die kerk en kultuur selfs skuld aan mense se eensaamheid. Toe ons jong meisies was, is ons gesê dat jy onderdanig moes wees om ’n man te kry. As jy eensaam opeindig, is dit jou eie opstandige skuld. En nog ’n bietjie straf van God daarby.

Laas week praat ek op verskillende tye met drie jong mans in hul 30's. Hulle is eensaam. Al sou hulle sterf eerder as om dit te erken. Twee van hulle bly nog by hul ma’s. Hulle kom nie tot trou nie. En ek kry die idee dat manwees en wat van hulle as mans verwag word, te swaar is om te dra. Soos kerk en kultuur dit voorhou. En hulle is bang gemaak vir bevryde vroue. Amerika kon mense laat praat oor hul eensaamheid en dit tot epidemie verklaar. Hoe hanteer Amerikaanse kerke dit? Ek lees op ’n paar se webwerwe: God wil nie hê dat die mens alleen moet wees nie; Hy sal op die regte tyd vir jou die regte maat kies.

En steeds lees ek: Jy moet net ’n regte vrou of regte man wees soos God jou gemaak het, en alles sal vir jou regkom.

As ons aanhou om mekaar só te mislei en siek te maak, sal die epidemie erger word.

• Landman is ’n buitengewone professor in teologie aan Unisa. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*